

Letterlike en figuurlike betekenis.

'n Woord of uitdrukking se **letterlike betekenis** is die **gewone betekenis**

Bv.

1. Die **buffel** staan en wei onder die boom.
2. Die **bobbejane** eet die mense se kos.
3. Die **koeie** wei ook.
4. Die voëltjie **vlieg** by die klas in.
5. Die koppie is **gebreek**.

Figuurlike betekenis is 'n dieper of ander betekenis soos 'n metafoor.

Voorbeelde:

1. Die onbeskofte kind is 'n regte **buffel**.
2. Ek was regtig 'n **bobbejaan**, want ek het 'n dom fout gemaak.
3. In die speletjie Marabaraba vlieg die **koeie**.
4. In die speletjie Marabaraba **vlieg** die koeie.
5. Die seun se hart is **gebreek** nadat sy meisie hom gelos het vir 'n ander ou.

Wat is veralgemening? (generalise)

Jy veralgemeen as jy byvoorbeeld sê al die seuns in graad 9 is onbeskof, omdat een seun onbeskof teenoor jou was.

OPSOMMING OEFENING

- Skryf SEWE dinge neer wat 'n mens se lewe sal verbeter.
- Skryf elke feit in 'n volsin neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar van 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepeenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

VERBETER JOU LEWE

Die Amerikaanse motiveringspreker, dr. Randy Pausch, is in 2008 aan pankreaskanker oorlede. Sy laaste boek met wenke om jou lewe te verbeter, *The last lecture*, is 'n jaar daarna uitgegee. Hiermee wou hy vir sy twee kleuters 'n geskenk gee om hulle lewens te verbeter.

Een van sy belangrikste wenke was om nie tyd op onbelangrike goed te mors nie. Hy het gesê: “Dit maak nie saak hoe goed jy die gras in jou tuin sny of die vloere was nie – daar is belangriker dinge as dit in die lewe.” Om tyd beter te gebruik het hy altyd 'n luidsprekerfoon gebruik as hy die kliëntediens van 'n groot maatskappy skakel – so kon hy twee vlieë met een klap doodslaan.

Dis ook beter om te staan as jy die telefoon gebruik – jy speel sommer vinnig met die oproep klaar. Dr. Pausch het ook geglo daarin om lêers te gebruik. Vir hom was dit baie meer doeltreffend en vinniger as om rond te hardloop en te soek na 'n blou papier wat hy laas gesien het terwyl hy geëet het.

Hy het ook die stelling: “Jy is wat jy eet” verander na “Jy is wat jy dink”. Sy maklike filosofie was: gedagtes word woorde, woorde word dade, dade word gewoontes en gewoontes word ons bestemmings. As jy goeie goed dink, sal jy 'n goeie lewe lei. 'n Mens moet altyd doen wat jy dink is reg, want jy gaan in elk geval gekritiseer word. Siniëse mense is lafaards. Leer om liever te analiseer as te kritiseer. As jy so optree sal jy die kanse sien wat ander mense miskyk.

[10]